# Gereelde vrae: Uitleenskootrekenaars vir studente
# 21 April 2020

## 1. Wanneer word my skootrekenaar afgelewer?

Die koerier sal met jou hieroor reëlings tref by die selnommer wat jy gebruik het om met die Universiteit oor hierdie aanbod te kommunikeer.

## 2. Waar word my skootrekenaar afgelewer?

Die skootrekenaar sal afgelewer word by die afleweringsadres wat jy per SMS verskaf het toe jy die aanbod van 'n leenrekenaar aanvaar het.

## 3. Wie lewer my skootrekenaar af?

'n Derdepartykoerier sal die skootrekenaar aflewer en via SMS'e of oproepe met jou kommunikeer by die selfoonnommer wat jy verskaf het toe jy die aanbod om 'n leenrekenaar aanvaar het.

## 4. Wanneer moet ek die skootrekenaar teruggee?

Jy moet die rekenaar aan die einde van die 2020- akademiese jaar teruggee, op die Vrydag voor die gradeplegtighede aan die einde van die jaar.

## 5. Waar moet ek die skootrekenaar inlewer?

Jy moet die rekenaar by die US se Afdeling IT by Hammanshandweg 11, Stellenbosch inlewer. As jy dit nie persoonlik kan kom aflewer nie, moet jy dit per koerier stuur en self daarvoor betaal.

## 6. Sluit die Universiteit 'n kontrak met my vir die leen van die skootrekenaar?

Ja, die kontrak word saam met die rekenaar afgelewer. Jy moet dit deurlees en onderteken, en dan vir die koerier gee om terug te neem. As jy nie die kontrak onderteken nie, moet die koerier ongelukkig die rekenaar terugneem.

## 7. Wat is die modelnommer en handelsmerk van die skootrekenaar?

Lenovo Ideapad S145 i3, 4GB, 1TB HDD 5400RPM, met 'n skootrekenaarsak ingesluit (wat jy sal kry wanneer die inperking van beweging afgestel is).

## 8. Watter bedrag gaan op my studenterekening afgetrek word?

R7 598, wat die rekenaarsak, die sagteware wat op die skootrekenaar gelaai is en die koerierkoste insluit.

### 9. Is dit ’n nuwe skootrekenaar?

Ja.

### 10. Word rekenaars ook buite Suid-Afrika afgelewer?

Nee, net binne die grense van Suid-Afrika.

### 11. Kan ek my rekenaar by ’n afgespreekte plek gaan kry?

Nee, alle rekenaars word deur ’n derdeparty-koerier afgelewer.

### 12. Sal hierdie rekenaardeposito my studenterekening blokkeer en veroorsaak dat ek nie my uitslae kan sien of toegang daartoe kry nie?

Die bedrag vir die skootrekenaar sal geen invloed op jou studenterekening hê gedurende die akademiese jaar nie. Dit sal eers aan die einde van die jaar gebeur, as jou graad uitgereik moet word maar jy het nog nie die rekenaar teruggebring nie.

### 13. Kan ek die skootrekenaar koop eerder as om dit terug te gee?

Ja, jy kan. As jy besluit om dit te doen, stuur asseblief ’n e-pos met jou skootrekenaar se reeksnommer na student@sun.ac.za en vra toestemming om dit te koop. Die Universiteit sal dan die waarde van die rekenaar bepaal en jou antwoord met die bedrag. Die oorspronklike bedrag op jou studenterekening sal dan volgens die nuwe waarde aangepas word. Sodra jy jou studenterekening vereffen het, raak die skootrekenaar jou eiendom.

### 14. Sal die NSFAS die bedrag vir my rekenaar dek?

Ongelukkig nie. Die NSFAS het aangedui dat studente hulle toerustingtoelae mag gebruik om toestelle te koop, en baie NSFAS-studente het dit verlede jaar gedoen, maar die NSFAS sal nie aanvullende fondse daarvoor verskaf nie.

### 15. Aan wie behoort die skootrekenaar?

Die Universiteit Stellenbosch is die eienaar van die rekenaar.

### 16. Kan ek ’n toetstydperk kry om te kyk hoe die rekenaar werk?

Jy kan die rekenaar op enige tydstip voor die einde van die jaar teruggee, maar as jy eers die aanbod aanvaar het en die rekenaar is afgelewer, word R7 598 op jou studenterekening afgetrek. Dit word teruggeskryf wanneer jy die skootrekenaar by die Afdeling IT in Stellenbosch ingelewer het.

### 17. Wie gaan die rekenaar verseker?

Die Universiteit Stellenbosch (US) het versekering op die rekenaar uitgeneem en is vir die duur van die leningsooreenkoms verantwoordelik vir die koste daarvan om die toerusting teen toevallige skade, verlies en diefstal te verseker. Die US behou die reg en uitsluitlike diskresie om enige eis te oorweeg wat jy weens toevallige skade aan of verlies of diefstal van die skootrekenaar mag indien. Die US is egter onder geen verpligting om die rekenaar te herstel of te vervang nie, soos in paragraaf 8.2 van die kontrak uiteengesit.

## 18. Wat gebeur as die skootrekenaar beskadig word, verlore raak of gesteel word?

Jy moet enige skade aan of verlies of diefstal van die rekenaar onmiddellik en skriftelik by die US se Afdeling Fondse en Bates aanmeld, by: IT Hub student@sun.ac.za. Jy moet die voorval ook by die SAPD (Polisiediens) aanmeld, binne vyf dae na die voorval. Die e-pos aan die IT Hub moet die saaknommer bevat wat die Polisiediens aan jou sal uitreik.

## 19. Wie is vir die skade verantwoordelik as die skootrekenaar weens ’n ongeluk beskadig word?

Die Universiteit het versekering op die rekenaar uitgeneem en is vir die duur van die leningsooreenkoms verantwoordelik vir die koste daarvan om die toerusting teen **toevallige** skade, verlies en diefstal te verseker. Die US behou die reg en uitsluitlike diskresie om enige eis te oorweeg wat jy weens toevallige skade aan of verlies of diefstal van die skootrekenaar mag indien. Die US is egter onder geen verpligting om die rekenaar te herstel of te vervang nie, soos in paragraaf 8.2 van die kontrak uiteengesit.

## 20. Wie is vir die skade verantwoordelik as die skootrekenaar weens my nalatigheid beskadig word?

As die skootrekenaar skade opdoen, verlore raak of gesteel word weens **nalatigheid** aan jou kant, hetsy deur ’n handeling of versuim om te handel, is jy vir alle verbandhoudende koste aanspreeklik en sal die US dit uit die depositobedrag verhaal, soos in paragraaf 8.3 van die kontrak uiteengesit.

## 21. As ek die skootrekenaar uit eie sak laat herstel, kan ek die koste terugeis?

Nee. As jy nie die korrekte proses volg (d.w.s. deur die US se IT Hub en Afdeling Fondse en Bates onmiddellik en skriftelik by: IT Hub student@sun.ac.za in kennis te stel) nie, kan jy geen uitgawes terugeis nie, soos in paragraaf 8.5 van die kontrak uiteengesit.

## 22. Wat gebeur as my skootrekenaar onherstelbaar beskadig word?

As die rekenaar soveel skade opdoen dat dit nie herstel kan word nie, sal die Universiteit se versekeraar die skootrekenaar afskryf en dit sal nie vervang word nie, soos in paragraaf 10.3 van die kontrak uiteengesit.

## 23. Watter sagteware word saam met die skootrekenaar verskaf?

Die US se standaardsagteware sal op die rekenaar gelaai wees, onder meer:

- Windows 10
- Microsoft Office 365

## 24. Mag ek speletjies op die skootrekenaar speel?

Nee, jy mag dit net vir akademiese doeleindes gebruik, en net jy mag dit gebruik.

## 25. Mag ek sagteware op die skootrekenaar installeer?

Ja, maar jy mag geen onwettige of ongelisensieerde sagteware daarop installeer nie. Jy mag ook net sagteware wat met jou akademiese program verband hou, installeer.

## 26. Mag ek sagteware wat op die skootrekenaar is, afhaal?

Nee, jy mag geen gelisensieerde sagteware wat die Universiteit daarop geïnstalleer het, afhaal nie.

## 27. Waar kan ek inligting oor nulkoersdata kry?

www.sun.ac.za/english/learning-teaching/student-affairs/cscd/Documents/Guidance for Student Online Learning/Zero rating FAQ.pdf

Kyk ook na "Wenke om mobiele datakoste te spaar"

http://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/student-affairs/cscd/Pages/Tips-for-Containing-Mobile-Data-Costs.aspx